# ELJADA HUIS MSW

MAATSKAPPY SONDER WINSOOGMERK

*Eljada Huis, Standard Bank, Montana, Marketlink spaar, 044396058, kode 01594500.*

28 Februarie 2013

Dagsê Almal

***DANKIE HERE VIR AL DIE SEËNINGE UIT U HAND ONTVANG DIE AFGELOPE WEEK! AMEN***

Om te ontvang uit die hande van mense met harte wat oop is vir hul naaste is 'n onvergeetlike ervaring en ek kan steeds nie my trane keer wanneer die kos en meubels wat ek gevra het so gegee word nie. BAIE DANKIE almal!

Die gesin waaroor ek geskryf het kon toe in 'n beter woonplek intrek en die seun het nou sy eie kamer en 'n bed. Al is daar net 2 matte op die vloer in die sitkamer is hulle so onbeskryflik dankbaar vir die blyplek wat hulle "ons s'n" kan noem dat die trane vrylik loop. 'n Nuwe begin vir die gesin en 'n kind wat weer hoop het en met ligte tred skooltoe stap. Ons het toe ook agtergekom dat daar fout met sy sig is en het reeds sy oë laat toets. Hy sal volgende week sy bril kry en dan moet hy hard werk om die agterstand in te haal. Maar hy glimlag en is sommer net 'n ander mens. Selfs ma lag weer heeldag. As iemand dalk 'n sitkamerstel, yskas, wasmajien en TV het om hulle te help sal ek dankbaar wees. Baie dankie by voorbaat.

Twee van die dames begin more werk en hulle is baie opgewonde.

Die week was vol verrassings en gebeure en 'n vreugde om te ervaar want Saterdag is ons by die Kolonnade Retail Park in die parkeerarea waar die Shavaton ook is. Ons gaan van vroeg tot laat daar wees om produkte wat ons nog oor het van die vorige markdag en nuwe skeppinge te verkoop. Ons sien uit daarna om julle daar te ontvang.

Die dames sien baie uit na volgende Saterdag se susterssaamtrek en ek wil vra of iemand kan help met onderklere vir hulle. Klere het ons genoeg maar die onderkleretjies is gehawend en almal het nie kerkskoene nie.

Hierdie week het ek ruim aan kos ontvang maar die week daarop sal ons weer nodig hê. Toiletware soos dames aanrol, spuitgoed, sjampoe, seep, tandepasta, lyfroom, lyfpoeier, skeermesse, en ent vir 3 mans dieselfde.

Baie dankie by voorbaat.

Eljada Huis groete

Annatjie